DOOP: Deel 2

INLYDING:

Daar is 4 soorte doop waarvan ons lees IN DIE Nuwe Testament:

1. **1 Ko 15:29** *Anders, wat sal hulle doen wat hulle vir die dode laat doop, as die dode geheel en al nie opgewek word nie? Waarom laat hulle hul nog vir die dode doop?*
    a. Hierdie is 'n doop van die heiden nasies wat nog nie Christus ken nie.
    b. Dit bewys 'n geloof in die sogenaamde "lewe hierna".
    c. Hierdie doop is nie van toepassing op die kerk nie.
2. **Mark 10:38-39** *Maar Jesus sê vir hulle: Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle die beker drink wat Ek drink, en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word? En hulle antwoord Hom: Ons kan. Maar Jesus sê vir hulle: Dis waar, die beker wat Ek drink, sal julle drink, en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word;*
    a. **Luk 12:50** *Maar Ek het 'n doop om mee gedoop te word, en hoe benoud word Ek totdat dit volbring is!*
    b. Hierdie is die "Doop van vervolging en verdrukking"
    c. Alhoewel die kerk self ook vervolging altyd sal hê, was hierdie opmerkeing grootliks teenoor die dissipels en die uitermate vervolging wat hulle sou deurgaan.
    d. 11 uit die 12 dissipels was vermoor, en Johannes was verban.
3. Die doop van Johannes
    a. Word verder bespreek hier onder
4. Die Doop van Jesus Christus waarmee die wedergeborene gedoop word – in die naam van die Vader en Seun en Heilige Gees.
    a. Word verder bespreek hier onder

Die Doop van Johannes:

Matt 3:6 *En hulle is deur hom in die Jordaan gedoop met belydenis van hulle sondes.*

Mark 1:4 *Johannes het gekom en was besig om in die woestyn te doop en die doop van bekering tot vergifnis van sondes te verkondig.*

Matt 3:11 *Ek doop julle wel met water tot bekering*

- Johannes se bediening het gekom tydens die wet – die wet van Moses was ten volle in plek en dit was VOOR die Kruis
- Sy bediening was 'n oorgangs-fase, waar die mense geleer was dat daar nou vergifnis was vir sondes sonder 'n offer, maar bloot deur bekering en belydenis, tesame met die doop as afwasting van sondes word 'n persoon vrygespreek.

- Israel moes eers losgemaak word van die offers onder die wet, maar daar was steeds 'n voorwaarde vir vryspraak buiten die geloof – DIE DOOP.

Matt 3:11 *Ek doop julle wel met water tot bekering ; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur.*

- Johannes preek reeds van 'n groter/meer moemenswaardige doop wat sou kom NA hom

Belangrik:

1. Die doop van Johannes was NIE slegs 'n simbool soos in die kerk nie, en het nie gebeur na die beleidenins van geloof in die Messias nie !!
2. Die doop was integraal deel van (*en 'n voorwaarde vir*) jou vergifnis en redding.
3. Dus was die wet-konsep van "geregtigheid deur werke" (*jy moet iets doen om dit te verdien*) steeds in plek, in lyn met die eis van die wet van Moses.
4. Beleidenis sonder om deur **Johannes** gedoop te word sou NIE vergifnis/redding teweeg bring NIE.
5. Dit was 'n DOOP TOT VERGEWING VAN SONDES !!!

Dit is baie belangrik om te onthou, soos ons voortgaan om die doop te ontleed wat NA DIE KRUIS sou kom.

Prediking van Petrus

Hand 2:36-38 *Laat dan die **hele huis van Israel** sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het. Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders? En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle **gedoop word** in die Naam van Jesus Christus **tot vergewing van sondes**, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.*

- Petrus preek nog 'n boodskap van die werke, hy adresseer "*die Huis van Israel*" – die finale evangelie van Paulus, die openbaring van die geheimenis dat Jesus IN ONS leef en die Heilige Gees 'n innerlike werk doen, was nog nie geopenbaar nie.
- Petrus preek nog 'n eng/noue evangelie – net aan die Jode, nie die breë evangelie wat later aan Paulus geopenbaar was nie.
- Hy preek nog steeds 'n "*boodskap van werke*", nie 'n evangelie van Genade nie – dis ten volle aan Paulus openbaar 13 jaar later eers !!
- Petrus het dus nie gefouteer nie – God het nog nie die openbaring van die geheimenis ontbloot nie!!! dit was God se tyds berekening!!
- Petrus preek nog die doop as 'n aksie van redding – dat die saligheid wat ons sal ontvang, die doop as voorwaarde stel.
    - Dit is die Doop van Johannes – **voor** die kruis, **voor** die opstanding, **voor** die inwoning van die Gees van die Belofte, **voor** die openbaring van die geheimenis !!!

Redding/verlossing/geregtigheid onder Paulus se prediking:-

Rom 10:9 *As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;*

- Let op dat hier GEEN prediking van die doop is nie

EF 2:8-9 *Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie*

- Ons word gered alleenlik deur geloof – die doop voeg niks by tot ons redding nie en neem 'n nuwe rol in teenoor die Doop van Johannes
- Inteendeel, Paulus gaan so ver as om die volgende te verkondig.....

1Ko 1:14-15 *Ek dank God dat ek niemand van julle gedoop het nie, behalwe Crispus en Gajus, sodat niemand kan sê dat ek in my naam gedoop het nie.*
1Ko 1:17 *Want Christus het my nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig, nie met wysheid van woorde nie, sodat die kruis van Christus nie verydel mag word nie.*

- Onthou dat Johannes se sending was om die Verlosser te verkondig en te doop!!!
- Paulus wou nie die fokus van die redding deur geloof wegskuif en iets anders byvoeg vir die redding nie, want sekere mense het gesê dat jy eers gered word NA die doop – dis onbybels en slegs van toepassing onder Johannes se bediening – voor Christus

1Ko 1:18 *Want die **woord van die kruis** is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, **is dit die krag van God**;*

- Johannes die Doper se bediening was VOOR die kruis.
- Paulus verkondig die KRUIS – waar alles VOLBRING is.
- NA die kruis, het die doop verander van 'n "*doop tot vergifnis van sondes*" na 'n geestelike simbool van dit wat met ons plaasvind.....
- ..... dat ons IN CHRISTUS opgeneem is – ons is geestelik gedoop in Christus,
- Opsigself het dit GEEN verlossings krag nie.

Paulus kom met 'n groter boodskap oor die ware doop – dit waarvan die water doop slegs 'n uiterlike simbool is:- .....

1 Kor 12:13 *Want ons is almal ook **deur een Gees gedoop tot een liggaam**, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.*

- Ons word gedoop deur die Heilige Gees IN DIE LIGGAAM van Christus
- Dis 'n gawe wat ons ontvang – die Heilige Gees
- Die Heilige Gees plaas ons UIT die sonde – en plaas ons IN Christus
- Die ou mens sterf (**Rom 6**) en die nuwe mens staan op (**2 Kor 5:17**)
- En ons word EEN MET CHRISTUS
    - 1 Kor 6:17 *Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.*

Jesus Se Doop?

Het Johannes geweet wie hy doop?

Joh 1:29-31 *Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! Dit is Hy van wie ek gesê het: Ná my kom 'n man wat voor my geword het, want Hy was eerder as ek.* ***En ek het Hom nie geken nie;***

- Johannes het nooit geweet dat sy neef, Jesus van Naseret die Seun van God is nie, want God alleen sou Sy seun bekend stel en daardeur sy bediening begin.

Joh 1:32-34 *En Johannes het getuig en gesê: Ek het die Gees soos 'n duif uit die hemel sien neerdaal, en Hy het op Hom gebly. En ek het Hom nie geken nie;* ***maar Hy wat my gestuur het*** *om met water te doop, Hy het aan my gesê: Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.* ***En ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van God is.***

- Johannes was 'n profesie en 'n teken gegee deur die Vader – sodat hy sal weet wie Sy Seun is!
- Hierdie teken gebeur eers NA die doop

Ons neem aan dat Johannes geweet het dat hy die Seun van God sou doop omdat hy gesê het:-

Mat 3:14 *Maar Johannes het Hom ernstig teëgegaan en gesê: Ek het nodig om deur U gedoop te word, en kom U na my toe?*

- Hierdie opmerking was slegs gemaak omdat hy Jesus as 'n baie regverdige mens geken het
- Die doop waarmee Johannes gedoop het – was die doop TOT VERGEWING van sondes en het gepaard gegaan met beleidenis en bekering
- Dit was 'n ***doop vir die sondaars*** tot redding
- Die doop van Johannes was ***nie vir die regverdiges nie*** – andersins as die doop waarmee ons doop NA DIE KRUIS.

Waarom Was Jesus Gedoop

Mat 3:15 *Maar Jesus het geantwoord en vir hom gesê: Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul. Daarna het hy Hom toegelaat.*

- Die geregtigheid wat hier na verwys word, is die "wette en reëls" van God – die vervulling van die wet.

Exo 29:1 *En dit is die saak wat jy vir hulle moet doen om hulle te heilig, dat hulle vir My die priesteramp kan bedien:*

- Die inlywing van Aaron en sy seuns was die Wet se voorskrifte vir die aanstelling van die Hoëpriester amp
- Hulle moes:-
    - Gewas word deur water
    - Gesalf word met olie
    - Deur Bloed besprinkel word

Exo 29:4 *Dan moet jy Aäron en sy seuns laat nader kom na die ingang van die tent van samekoms en hulle met water was.*

- Jesus se doop

Exo 29:7 *Neem dan die salfolie en giet dit op sy hoof en salf hom.*

- Olie is die Nuwe Testament is altyd 'n teken van die Heilige Gees, soos in die verhaal van die 10 maagde – Matt 25
- Die Heilige Gees wat op Hom neer gedaal het, was die vervulling hiervan

Mat 3:16-17 *En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom. En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.*

- Onder die wet word 'n saak bevestig deur 2 getuies, in hierdie geval...
    - Die Heilige Gees
    - En die Vader self.

<u>Dit was deel van die prosses van aanstelling as ons ewige Hoëpriester,</u>

Heb 5:10 *en is deur God genoem 'n hoëpriester volgens die orde van Melgisédek;*

Heb 6:20 *waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédek 'n hoëpriester geword het vir ewig.*

<u>Die laaste stap sou wees die offer:</u>

Exo 29:21 *Dan moet jy van die bloed wat aan die altaar is, neem en van die salfolie en dit sprinkel op Aäron en op sy klere sowel as op sy seuns en op die klere van sy seuns saam met hom, dat hy heilig kan wees en sy klere sowel as sy seuns en die klere van sy seuns saam met hom.*

- Dit is vervul deurdat Jesus Sy eie liggaam geoffer het
- **Heb 10:8** Nadat Hy hierbo gespreek het: Slagoffer en spysoffer en brandoffers en sondoffers wou U nie hê en het U nie behaag nie—wat volgens die wet geoffer word—het Hy daarna gesê: Kyk, Ek kom om u wil te doen, o God. Hy neem die eerste weg om die tweede te stel. Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal.